Nature's Valley Nuus

Lagoonrylaan 388
Kantoor-ure:
9 – 12 vm
Ma/Wo/Do

Posbus 222
The Crags 6602
natrpa@worldonline.co.za
Tel: 044 – 5316699
Faks: 044 – 531 6668

Nr. 26 **Redakteur: Jeanne Biesenbach** **November 2009**

Clivias: 'n pragtige gesig in die lente in die Vallei. *Foto: Beefy Mance.*

Voorsitter: Jeanne Biesenbach

Alhoewel daar vanjaar net twee nuusbriewe verskyn, het die NVBV gedurende die loop van die jaar eienaars deur middel van buitengewone kennisgewings ingelig en op die hoogte van sake gehou.

Die grootste brandpunt wat verreikende gevolge vir Nature's Valley inhou, was ongetwyfeld die voorgestelde vervreemding van die Phyl Martinpark en Fynbosreservaat vir ontwikkelingsdoeleindes.

Die NVBV het in samewerking met die NVTrust onmiddellik alle eienaars en belanghebbendes hiervan in kennis gestel en 'n dringende beroep gedoen om die sterkste moontlike teenstand teen die voorgenome vervreemding te bied.

Die 773 geskrewe besware wat ontvang is en deur die NVBV by Bitou ingehandig is, is ‘n ongeëwenaarde bewys van die ongelooflike gevoel wat in die gemeenskap jeens Nature’s Valley heers. Ons innige dank vir hierdie wonderlike ondersteuning.

Eweneens is dit ‘n buitengewone prestasie dat die NVBV en NVTrust so ‘n reuse administratiewe proses binne so ‘n kort tyd so suksesvol kon hanteer.

Dit is ook ‘n onweerlegbare bewys van die kardinale rol wat die NVBV speel en die noodsaaklikheid vir die voortgesette bestaan van die vereniging. Benewens hierdie sukses het die vereniging ‘n trotse rekord van die volgende mylpale wat in belang van die Vallei bereik is:

- Die skep van ‘n permanente en bemande kantoor wat eienaars in staat stel om ter eniger tyd met die NVBV te kommunikeer, en ‘n uitgebreide databasis waardeur die NVBV onmiddellik met belastingbetalers in verbinding kan tree. *Gegewe die feit dat 90% van alle eienaars buite Nature’s Valley woonagtig is, is hierdie funksie van die vereniging van kritiese belang – soos nou weer bewys met die voorgestelde vervreemding van die park en reservaat*.
- Volgehoue vertoë en agitasie deur die NVBV het ‘n leidende rol gespeel in die herstel van die Grootrivierpas en daarna die Bloukranspas.
- Die voltooiing van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir Nature’s Valley in opdrag van die NVBV. Wanneer hierdie dokument in die Bitou SDF opgeneem word, sal dit statutêre status geniet en sodoende die enkel residensiële karakter en oop ruimtes van die Vallei verskans.
- Die verkryging van ‘n hofbevel teen Bitou om die verkoop van dienste erwe 335 en 336 te verhoed.
- Die suksesvolle mobilisering van die gemeenskap wat 320 geskrewe besware ingedien het teen die ontwikkelingsvoorstelle van die Bitou Draft Land Audit.
- Die skep van ‘n subkomitee wat die instandhouding en opgradering van die oop ruimtes behartig en jaarlikse finansiële steun aan die Phyl Martinpark.
- Die beskerming van die sensitiewe voorste duin (erf 444), die Grootrivier vloedvlakte en strandmeerfront (erwe 382 en 434) deur die sluit van ‘n 30 jaar lange Kontraktuele Parkgebied ooreenkoms met SANParke waardeur hierdie gebied die hoogste moontlikebewaringstatus geniet.
- Suksesvolle onderhandelings met Eskom het daartoe gelei dat die hoogs visuele en steurende elektrisiteitstoevoerlyne na die nuwe tolhek wat bo-oor die woud gespan sou word, buite sig ondergronds gelê is.
- Suksesvolle agitering deur die NVBV het tot gevolg gehad dat Telkom die onooglike bondels telefoonkabels langs die R102 by die riviermonding verwyder het en ondergronds gelê het.

<u>Die NVBV is geheel en al afhanklik van die finansiële ondersteuning van eienaars en die gereelde jaarlikse vrywillige bydraes wat hulle maak om die vereniging in staat te stel om met sy werk voort te gaan.</u>

Ons hoop en vertrou dat hierdie oproep om finansiële ondersteuning dieselfde reaksie sal ontlok as ons oproep vir teenkanting teen die vervreemding van die oop ruimtes.

INFRASTRUKTUUR: JEANNE BIESENBACH, DOUG BLAINE

Ongelukkig het Juan le Roex na Gauteng verhuis en kon hy dus nie langer hierdie portefeulje behartig nie. Die voorsitter het die leisels oorgeneem en noue skakeling met die gemeenskap skakelbeampte (GSB) Mornay du Plessis en wyksverteenwoordiger Paul Zietsman is met betrekking tot alle diensleweringskwessies bewerkstellig.

In Julie is ‘n vergadering waarby die voorsitter en wyksverteenwoordiger teenwoordig was en gereël is deur die GSB, gehou met alle betrokke munisipale departementshoofde om voortslepende diensleweringsprobleme aan te spreek, en ook om vroegtydig reëlings vir die Desember vakansieseisoen te tref.

Na aanleiding van hierdie vergadering is die vullisstortingsdepot op erf 337 omvattend opgeknap en dierproef gemaak. Daar word tans dringend aandag gegee aan probleme met ongereelde vullisverwydering en leegmaak van die depot.

Die munisipaliteit se 24-uur 365-dae toegewyde hulplyn verskaf tot dusver ‘n vinnige en goeie diens.

HULPLYN: 086 124 8686

* Skakel die nommer vir ‘n uitsuigtenker
* Skakel die nommer vir ALLE diensleweringsprobleme bv water, elektrisiteit, vullisverwydering ens.

Paaie

As gevolg van voortgesette pogings van die wyksverteenwoordiger om die toestand van die dwarsstrate te verbeter, word Irisstraat nou geplavei en is die oorblywende grondpaaie onlangs geskraap.

Water

Die uitmergelende droogte in die Suid-Kaap duur voort. Watervloei in die Grootrivier teen slegs 65 liter per sekonde is die laagste vlak in 80 jaar van monitering.

Die Grootrivier is Nature’s Valley se enigste waterbron en daar is geen opgaarfasiliteit wat in ‘n noodtoestand gebruik kan word nie. Sou die rivier ophou om te loop, sal Nature’s Valley sonder water wees.

Streng waterbeperkings word tot verdere kennis ingestel en ons doen ‘n dringende beroep op alle huisbewoners om op elke moontlike manier ook huishoudelike waterbesparing toe te pas.

WATERBEPERKINGS

Geen munisipale water mag tot verdere kennisgewing gebruik word vir die natmaak van tuine nie.

Grootrivierpas

Werk aan die oostelike gedeelte van die pas (NV na PE) het 'n aanvang geneem en daar is begin met die herstel van die aanlope tot die Grootrivierbrug en die brug self.

Vanaf **12 Oktober 2009 tot 9 Desember 2009** sal die pad vanaf die Nature's Valleyruskamp tot by die uitkykpunt bo-op die pas vir verkeer gesluit wees.

Vir die vakansietyd - vanaf **10 Desember 2009 tot 12 Januarie 2010 -** sal die oostelike deel van die pas egter oopgestel word vir verkeer.

Goeie nuus is dat tenders vir die herstel van vloedskade aan die Bloukranspas in Januarie 2010 gevra sal word. Die NVBV het as belanghebbende party geregistreer sodat die vereniging insette kan lewer vir die behoud van historiese elemente.

FINANSIES: ABRIE DU TOIT

Ons koffers is vinnig besig om leeg te loop!!

Die reserwefonds wat oor die jare opgebou is om noodsituasies te hanteer, moet tans gebruik word om maandelikse uitgawes te dek. Dit is 'n kommerwekkende stand van sake aangesien toekomstige regsoptrede ten opsigte van byvoorbeeld die Phyl Martinpark en Fynbosreservaat ongelukkig nie uitgesluit kan word nie.

Toenemende werksaamhede en optrede deur die NVBV het ook vanjaar tot verhoogde uitgawes gelei byvoorbeeld regskoste; direkte koste in verband met die NVSDF proses; buitengewone kennisgewings per pos en e-pos aan alle eienaars en die administratiewe kostes ten opsigte van die Phyl Martinpark en Fynbosreservaat vervreemding.

Ons dank en waardering aan eienaars wat reeds hulle bydraes vir die 2009/2010 finansiële jaar gemaak het.

Bankbesonderhede:
Rekening: Nature's Valley belastingbetalersvereniging
Rekening: 08 260 9217
Bank: Standard Bank
Tak: Plettenbergbaai
Takkode: 050714

Maak asseblief seker dat u NAAM en ERFNOMMER op die inbetalingsbewys verskyn vir verwysingsdoeleindes.

BEBOUDE OMGEWING: JEANNE BIESENBACH, ROBERT KLEYN

Bou aangeleenthede

Robert Kleyn, NV inwoner en ervare projekbestuurder, het ingewillig om voortaan bouplanne vir die NVBV te hanteer. Robert is op bogenoemde portefeulje gekoöpteer en ons waardeer dit ten seerste dat hy bereid is om weer hierdie diens aan NV te lewer.

Gereelde vergaderings word met die senior bouinspekteur van Bitou gehou. Ten spyte van volgehoue pogings moet ons weer eens berig dat ongemagtigde boubedrywighede steeds voorkom en dat daar ongelukkig eienaars is wat net eenvoudig voortgaan om die betrokke wetgewing en bouregulasies te verontagsaam. Hierdie kwessies kan slegs deur die munisipaliteit besleg word.

Nature's Valley Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (NVSDF)

Na die voltooiing van die eerste konsep van die NVSDF is die dokument aan die NV gemeenskap en ander belanghebbendes vir kommentaar voorgelê tydens 'n omvattende openbare deelname proses.

Daarna is kommentaar verwerk en bygewerk, en die volledige openbare deelname proses met alle terugvoering is as 'n addendum tot die dokument gevoeg.

Die finale konsep NVSDF is pas voltooi en reeds amptelik aan Bitou munisipaliteit voorgelê as deel van die GOP hersieningsproses 2009/2010.

Phyl Martinpark (erf 429) en Fynbosreservaat (erf 460)

Die ongelooflike getal van 773 geskrewe besware teen die voorgestelde vervreemding van die twee publieke oop ruimtes is ontvang. Hiervan was 372 van eienaars en hulle families; 384 van belanghebbendes soos vriende van eienaars, jarelange vakansiegangers ens; 17 gesaghebbende dokumente van befondsingsorganisasies, wetenskaplikes en deskundiges en bewaring- en ander instansies.

Ons verneem dat die saak voor die Mayco van 9 Desember 2009 sal dien. Ons sal verslag doen by die AJV.

OMGEWING: JAMES MARTIN, MICHAEL PERLMAN, INA BRAND

Kontraktuele parkgebied

Die parkeerterrein by die strandmeer kon nog nie herstel word nie as gevolg van die feit dat die mond vir die grootste deel van die jaar toe was en die pad en parkeerterrein dus gereeld gedeeltelik onder water was. Daar is egter met die ingenieur in beheer van die Grootrivierpas gepraat en dit is moontlik dat hulle in 2010 hulp hiermee sal kan verleen.

Eienaars moet asseblief daarop let dat bote slegs by aangewese plekke by die strandmeer gelaat mag word.

Benewens die gewone reëlings vir die seisoen, is die volgende ook getref: toegangsbeheer vir voertuie by die parkeerplek; addisionele toilette en dromme by die strandmeer. Daar word tans onderhandel met **Working for the Coast** om die strande skoon te hou.

Oopruimtes subkomitee

Die deurlopende projek om in samewerking met Kirstenbosch eenvormige naamplaatjies by alle plante en bome in die Phyl Martinpark aan te bring, vorder fluks.

Die serwituutpaadjie wat tussen erwe 422 en 423 Lagoonrylaan geleë is en na die Phyl Martinpark lei, is netjies skoongemaak nadat jare se organiese afval verwyder is. Navorsing oor die "serwituut" het aan die lig gebring dat hierdie paadjie deel van die Phyl Martinpark uitmaak en toegang tot die park vanaf Lagoonrylaan bied.

Inheemse bome

Danie Muller (082 3201833) en Frans Wagener (082 562 5859) het gedelegeerde magte om namens Bosbou op te tree met betrekking tot die verwydering, saag of snoei van inheemse bome wat volgens wet verbied word as die nodige toestemming nie verkry is nie. Skakel Danie of Frans wat u goeie raad sal gee.

VEILIGHEID EN SEKURITEIT: PETER HARPUR

Inligting wat uit die sekuriteitsvraelyste verkry is, is verwerk. Die NVBV is steeds besig om langtermyn sekuriteitsopsies na te vors. Nature's Valley se grootste bate, naamlik dat die dorpsgebied deur die Tsitsikamma Nasionale Park omring word, skep wat betref 'n volhoubare sekuriteitsoplossing die enkele grootste problem aangesien toegang tot die residensiële gebied altyd onbelemmerd sal bly.

Wat betref korttermyn optrede het die NVBV vanjaar gereelde kontak met die ADT area bestuurder bewerkstellig. Dit het 'n positiewe effek op ADT teenwoordigheid in die Vallei – so byvoorbeeld word die ADT voertuig gereeld by die ingang van die Vallei gestasioneer. 'n Permanente mobiele ADT karavaan sal ook eersdaags in NV staangemaak word. Verder bied ADT 'n "meet and greet" diens aan wat van groot waarde vir permanente inwoners behoort te wees.

Sedert die eerste kwartaal van 2009 is daar 'n merkbare afname in gevalle van inbrake en mindere diefstal in die Vallei.

SEE EN STRAND: MORNAY DU PLESSIS

Die volgende belangrike kennisgewing word in samewerking met Bitou munisipaliteit geplaas:

Ten spyte van sy skoonheid word Nature's valley se lang strand erken as 'n besonder gevaarlike swemplek.

- Vyf ervare lewensredders sal vanaf 15 Desember 2009 tot 15 Januarie 2010 van 09:00 tot 18:00 in Nature's Valley diens doen.
- Die strand by **UITGANG 4 is die enigste amptelike swemplek** waar die lewensredders aan diens sal wees.Hulle sal egter sover moontlik toesig hou oor die hele strand en sal deurentyd met die NSRI in verbinding wees.
- Die see by die **STRANDMEERMOND** en **BLUE ROCKS (UITGANG 1)** kan besonder verraderlik wees.
- Swem slegs in die gebied wat deur die vlae afgebaken is
- Geniet die strand maar respekteer ten alle tye die see.

Stoor asseblief die volgende noodnommers in u selfoon:

NSRI: **082 990 5975** *(Nasionale Seereddingsinstituut)*
Mornay: **083 294 3954**

REËNVALSYFERS 2004 – 2009: YVONNE BATH

	2004	*2005*	*2006*	*2007*	*2008*	*2009*
Januarie	70	61	89	54	62	4
Februarie	86	49	20	41	48	44
Maart	82	109	62	97	42	6
April	61	47	101	30	39	68
Mei	21	46	100	102	8	16
Junie	42	23	46	41	69	51
Julie	34	13	91	40	14	66
Augustus	38	8	232	55	78	11
September	142	34	16	18	21	68
Oktober	74	14	57	86	90	53
November	20	93	61	308	98	32
Desember	203	46	60	89	31	
Totaal mm	873	543	935	961	600	419

NVBV: ALGEMENE JAARVERGADERING 2009

Die AJV sal op Dinsdag 22 Desember 2009 om 17:00 (5 nm) in die kerksaal plaasvind.

- Betaling van vrywillige jaarlikse bydraes sal ten seerste waardeer word. (Die komitee sal vanaf 16:30 bydraes ontvang.)
- Die vergadering sal so spoedig moontlik afgehandel word.
- Sake vir insluiting by die sakelys moet asseblief vroegtydig aan die NVBV kantoor gestuur word vir behoorlike terugvoering by die vergadering.
- Ondersteun asseblief die NVBV wat na u belange in NV omsien deur die vergadering by te woon.

BOBBEJANE EN APIES

Vanweë die voortslepende droogte beweeg bobbejane en blou apies die afgelope tyd voordurend in die Vallei rond.

- Moet asseblief onder geen omstandighede kos vir hulle uitsit of kos buite laat nie.
- Sorg dat alle huishoudelike afval in ‘n digte drom met ‘n stewige deksel geberg word.
- Moenie deure ooplaat nie en sorg dat vensters toe is wanneer u die huis verlaat.
- Moenie bobbejane konfronteer nie.

Wat sê die bobbejaan op die onderstaande foto?



Ons wens ons u en u geliefdes ‘n aangename vakansietyd toe. Ons sien daarna uit om u hier in die Vallei te ontmoet.
Voorspoedige reis!